

# Sondag 19 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring  
14:13

## **Om te sterf, is juis tot voordeel!**

*En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid, en hulle werke volg met hulle (Op. 14:13, 1953-vertaling).*

Dis nog 'n troosaankondiging. Hierdie troosaankondiging ontken nie dat gelowiges gemartel en doodgemaak gaan word nie! Dit moedig ons net aan om nie die dood te vrees nie! Die dood kry 'n nuwe betekenis en 'n nuwe inhoud: dit trek 'n streep waar die mishandeling en die bedreiging en vrees nie kan verbygaan nie. As ons hier op die aarde sterf, begin die werklike lewe eers. Daardie lewe laat ons dadelik toetree in die ewige saligheid in.

Dis vir die Here belangrik dat alle gelowiges wat tot met die wederkoms op die aarde sal wees, hierdie besef moet hê. Met dié openbaring boodskap God self baie sterk aan die kerk: *Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.*

God openbaar dit wat Hy as noodsaaklik sien vir die gelowiges om te kan volhard in die ware geloof. Die inhoud van die aankondiging is dat ons deur die Here aan Hom vasgemaak is: *salig is ... die dode wat in die Here sterwe.* Dit maak nie saak hoe mense doodgaan nie – sterf aan siekte, oorlog, of marteling is alles onbelangrik. Wat belangrik is, is dat almal wat sterf, by die Here is ... *in die Here sterwe.* Die woorde beteken: sterf terwyl hulle in die Here glo.

Dink byvoorbeeld aan Paulus se woorde: *Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste (Fil. 1:23, 1953-vertaling).*

*Sing: Psalm 118-1:8*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*